Woensdag Brief 21 Oktober 2020

Words, words, words! I'm so sick of words! Die bekende woorde van Eliza Doolittle in My Fair Lady – die verwerking van George Bernard Shaw se *Pygmalion*. Pygmalion, aldus die Griekse mitologie, is 'n ivoor-figuur van 'n vrou geskep deur die koning van Ciprus wat deur Aphrodite vir hom verlewendig is. Uiteindelik het Eliza die woordmeesters die loef afgesteek deur van hulle mense te maak, kan maar sê verlewendig het – al is die algemene idee dit eerder die woordmeesters was wat Eliza aanvaarbaar gemaak het deur haar reg te leer praat.

Woorde is 'n kragtige wapen, maar die hart ook. Vir woorde is ek nou ook al net so siek soos Eliza Doolittle en net so lus as Eliza om eerder dinge te wees en te doen en voluit te lewe vanuit die hart as om oorheers te word deur woorde. George Bernard Shaw was 'n meester van insig en die gebruik van woorde – so bevestig sy uitspraak dat kommunikasie op sy beste onafgeronde kuns is. Die grootste probleem van kommunikasie, aldus George Bernard Shaw, is die illusie dat dit plaasgevind het.

Woorde is dikwels soos koeëls geskiet deur die tong wat miskien die sekuurste wapen is wat die mens nog ooit gehad het. Maar die gesegde kan netsowel anders verwoord word: Woorde is seëninge wat vloei vanuit die hart wat die teiken nooit mis nie. Elke mens het hierdie keuse soos die Bybelse Jakobus goed geweet het – eintlik 'n keuse tussen die uiter van klanke wat verlewendig of versmoor. Ons almal het 'n Aphrodite nodig om ons ivoortorings te verlewendig na sake van die hart toe. Aphrodite, die Griekse godin van passie en skoonheid, soms selfs uitgebeeld met 'n bossie rose in die nabyheid. Geen wonder so baie mense het die beginsel aanbid nie – wat sal jy gee vir die Krag wat jou dooie lewe kan verlewendig?

Mitologie is dikwels stories van groot wysheid en insig. So, in hierdie geval van Aphrodite, is sy versorg deur haar kinders genoem Erotes wat die vermoë gehad het om passie aan te stig by gode en mense. Dis wat Eliza aan die woordmeesters wat haar wou ombou tot aanvaarbaarheid wou wys – nie woorde nie, maar passie is nodig, passie vir lewe en nie die illusie van kommunikasie nie. Wat My Fair Lady uitbeeld, so tussen die mooi liedjies deur, is dat die tong kan verlewendig vanuit óf die kop, óf die hart. Die een maak jou siek en die ander weer gesond. Die een bring passie en die ander apatie. Die een is hemels, die ander dikwels donker dieptes.

Mooiloop tot volgende keer!